3 Januarie
Skrifgedeelte: Psalm 139
Fokusgedeelte: Psalm 139:13-16

Vervul jou roeping, want jy is jy!

As daar één woord is wat met vlammende skrif in die harte van mense geskryf behoort te staan, is dit die woord *roeping*. Dit is ’n pragtige woord wat impliseer dat daar ’n roeper is en dat die roep beantwoord en verantwoord moet word.
Niemand hoef ekskuus te vra dat hy/sy leef en ’n lewensroeping het nie. Niemand en niks mag dit verkleineer of minag nie. Beskeidenheid is wel ’n mooi karaktereienskap en ’n mens móét ook jou vermoëns en beperkinge ken. Dit is egter ook waar dat jy *jy* is. Jy is ook nie toevallig *jy* nie.
God het elkeen anders gemaak, uniek en onherhaalbaar “kunstig geweef in jou moeder se skoot” (Ps 139:13-16). Voor jou was daar nog nooit iemand soos jy nie en na jou sal daar ook nie weer iemand soos jy wees nie. Jy is nie ’n duplikaat of replika van ’n ander mens nie. Jy is *jy*! God roep juis vir jou om op ’n bepaalde plek en in ’n bepaalde tyd tussen spesifieke tydgenote jou roeping te vervul.
Dit is verkeerd om te veel van jouself te dink, ja. Dit is egter ook verkeerd om te min van jouself te dink. As God jou ’n roeping oplê en jy sy geroepene is, is dit sonde om te dink jy is nie ’n geroepene nie, al is dit uit beskeidenheid. Laat niemand ook jou jonkheid of jou ouderdom verag nie. God het jou juis geroep om ’n bepaalde roeping op ’n bepaalde tyd en plek te vervul.
Wees getrou met die gawes en geleenthede, die tyd en die vermoëns wat God aan jou gee! Wees voluit deelnemer op die speelveld van die lewe! Blom waar jy geplant is!
Vervul jou roeping, want jy hét ’n roeping!
Sing: Psalm 139:8,9 Dr PW Bingle (Kaapstad)